Kalahari red Veilingsverslag – Auction results:

Die jaarlikse Kalahari red veiling is aangebied deur CDP Afslaers te Conrad Herbst Kleinveesentrum op Saterdag 24 Februarie 2018. Die veiling is goed ondersteun en die pryse wat behaal is wys dat die vraag na die ras groot is. Van heinde en verre het telers en verkopers gekom om die dag mee te maak. Die veiling is ook baie sterk ondersteun deur ons buurlande Zimbabwe en Botswana.

Dit was da nook Botswana telers wat die duurste betaal het vir diere. Josef Kleynhans van Dhidejak Boerbokke en Kalahari Reds wat vir beide ramme en ooie die hoogste prys behaal het. Sien uitslae onder asook inligting met fotos.

Josef Kleynhans het ook n besonderse ooi geskenk ten bate van die Rachelle Van Der Merwe Mediese hulpfonds. Rachelle en Jaco Van der Merwe met hul kinders is bekende figure in die bokbedryf en is baie geliefd. Rachelle is ernstig siek en geld word ingesamel vir haar behandeling. Josef se ooi is gekoop deur Phillip Du Toit vir R 21 000.00. Mense wat bydraes wil maak na die fonds is welkom en sal waardeer word.

Josef Kleynhans het aangebied 5 stoetooie. Die gemiddelde prys behaal per ooi was n allemuntige R 17 400.00 met die hoogste prys wat behaal is R 22 000.00.
Josef se 2 ramme het behaal R 55 000.00 en R 14 000.00 onderskeidelik.

Josef Kleynhans het die besonderse ooitjie aangebied ten bate van Rachelle Van Der Merwe se mediese hulpfonds.
Phillip Du Toit het haar gekoop teen n prys van R 21 000.00.
Van links: Karam Said, Josef en Phillip.

Die duurste ooi is verkoop vir R 22 000.00 aan Faheem Kala(heel regs) van Botswana. Verkoper was Josef Kleynhans van Ellisras.
Van links: Corne Du Plessis(afslaer), Karam Said, Josef Kleynhans en Faheem Kala.

Josef Kleynhans se ram genaamd Yster het die hoogste prys behaal van R 55 000.00. Ons goeie vriende vanuit Botswana,
Peter en Dee Kirby het hom gekoop.
Van links: Corne Du Plessis(afslaer), Karam Said, Josef Kleynhans, Dee en Peter Kirby.

DESCRIPTION	VALUE
TURNOVER	1,052,750.00
QTY SUPPLIED	150.00
QTY SOLD	136.00
QTY NOT SOLD	14.00
% SOLD	90.00
MAXIMUM PRICE SOLD	55,000.00
MINIMUM PRICE SOLD	1,500.00
AVERAGE PRICE SOLD	7,788.17

Beskrywing-Discription	QTY	MAX AMT	AVG AMT
Ewes:			
Kudde dragtig - Flock pregnant	32	8,250.00	3,945.31
Stoet dragtig - Stud pregnant	35	21,000.00	8,485.71
Kudde nie dragtig - Flock not pregnant	16	8,000.00	3,703.13
Stoet nie dragtig - Stud not pregnant	32	22,000.00	8,039.06

Rams:			
Kudde - Flock	12	26,000.00	9,166.67
Stoet - Stud	9	55,000.00	22,555.56
Total sold	**136**		

Omset R 1,052,749.85